Goeie Nuus
Vir elke lidmaat

NG Gemeente Meyerspark **April 2019** - Jaargang 16 Uitgawe 3

Paasfees : Die kern van ons Christelike geloof

– Ds Niekie Rothmann



Wat is die sentrum, die kern van die Christendom? Met ander woorde, wat is die een ding wat sal maak dat as ons dit prysgee, ons alles prysgegee het? Wat is die absolute minimum wat die kerk nodig het; daardie "must have" en nie maar nog 'n "nice to have" nie?

Paulus gee die antwoord hierop helder en duidelik in 1 Korintiërs 15. In hierdie paar verse deel hy een van die vroegste Christelike geloofsbelydenisse met ons. Anders gestel, hy plaas die **kern** van die Christelike geloof hier op die tafel.

In **1 Korintiërs 15:3 tot 8** sê hy sonder om doekies om te draai, wat is daardie kern; die boustene van ons geloof. Daar staan:

"Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe. Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn."

Hier sê hy drie baie belangrike dinge:

- Jesus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte. Dit is die eerste en mees basiese bousteen van die ware kerk. **Jesus is die rede vir die Christelike bestaan.** Sy eie lewe en dood is die vertrekpunt en eindpunt van ons geloof.
- Die tweede bousteen is dat Jesus op die derde dag uit die dood opgewek is, volgens die Skrifte. Die kerk weet sy graf is leeg. Jesus het nie net vir ons sondes gesterf nie, maar Hy het **dwarsdeur** die dood gestap en **lewend** anderkant uitgekom. Nou is Hy die Here oor alles en almal.
- Die derde belangrike ding is dat daar verskillende lewende bewyse vir Sy opstanding is. Jesus het aan die leiers in die vroeë kerk verskyn, en met name aan Petrus (Sefas), die twaalf, Jakobus en ook aan Paulus. Sy opstanding is dus nie uit die duim gesuig nie. Nee, al daardie mense, die heel naaste aan Jesus, het Hom ná Sy opstanding **lewend** gesien, asook meer as 500 ander mense.

Hierdie is die **kern** van ons geloof. Op hierdie pilare is dié geloof gebou waarin ons bely dat Jesus die Christus is. Hy is Here oor alles en almal om ons. Kom ons hou onverskrokke hieraan vas. Kom ons hou vas aan die **opgestane** en **lewende Here.**

Gebedsgeleenthede tydens eredienste vir Februarie en Maart

Gedurende Februarie en begin van Maart het ons die volgende lande en sake aan die Here opgedra in die Gebedsvoorlesings tydens eredienste:

- Azerbaidjan
- Slowenië
- Kommissies van ondersoek, N.V.G. en die Regstelsel

Azerbaidjan is in suidwes Asië geleë en was 'n deel van die Sowiët Unie (USSR) tot 1991 toe die land onafhanklik geword het as die Republiek van Azerbaidjan. Islam is die meerderheidsgodsdiens en in 1918 het die land die eerste onafhanklike Moslemstaat geword. Azerbaidjan is ryk aan petroleum en het 'n welvarende ekonomie. 97,4% van die bevolking van 10 miljoen is Moslems. Azerbaidjan is 50ste op Geopende Deure se lande waar dit moeilik is om 'n Christen te wees. Die klein Christenbevolking word bespied, vervolg en in tronke gestop deur die land se wette wat nie ten gunste van Christene is nie. Nogtans is daar berigte van Christene wat hulle geloof bly uitleef en van 'n kerk in die hoofstad Baku, wat onder leiding van 'n bekeerde Moslem die Evangelie aktief uitdra aan Moslems in die suidweste van Asië.

Slowenië is in suid-sentraal Europa aan die Adriatiese See. Die land het ongeveer 2 miljoen inwoners en is bietjie groter as Gauteng. Slowenië was vanaf 1946 tot 1991 deel van die Joegoeslawiese Sosialistiese Republiek en het daarna 'n onafhanklike Republiek gevorm. Die land beskik oor besondere natuurskoon en lok heelwat internasionale toeriste. Ongeveer 63% van die bevolking is Christene, hoofsaaklik Rooms-Katoliek. Ongelowiges en ateïste vorm 26% van die bevolking. Slowenië se vroue is vanjaar verantwoordelik vir die Wêreldbiddag vir Vroue wat in Maart vanjaar afskop. Talle vroue uit Slowenië getuig van hulle aktiewe bydrae tot die Kerk van Jesus, ondanks talle aanslae, o.a oorloë en 'n sosialistiese verlede. 'n Tendens, wat ook in die res van Europa algemeen word, is die uitbreiding van ongelowigheid, kerklosheid en ateïsme.

Op 10 Maart het ons gebid vir die talle **Kommissies van ondersoek** wat tans aan die gang is in ons land, en veral daarop gefokus is dat hulle hulle werk met integriteit sal doen, onder leiding van die Gees en dat ons, as inwoners, onsself sal verootmoedig en wegdraai van ons bose dade en na Hom sal terugdraai.

- Bid steeds vir 'n herlewing in Slowenië en die res van Europa waar die inwoners al hoe meer afsydig van die Kerk raak en ateïsme toeneem
- Bid vir Christene in Azerbaidjan wat, ten spyte van teenstand van die regering en die bevolking, steeds hulle geloof uitleef
- Dra die kerk in Baku aan die Here op in hulle sendingaksie en uitreik na Moslems in suid en wes Asië
- Dra die 2019 Wêreldbiddag vir Vroue aan die Here op en bid vir seën op die aksies wat die Slowaakse vroue in die verband beplan
- Bid vir die vroue in ons eie gemeente en dra al hulle onbaatsugtige aksies aan die Here op
- Bid dat regters wat aan die spits van die onderskeie Kommissies van ondersoek staan, hulle werk onomkoopbaar sal doen, met wysheid en insig wat hulle van die Here self ontvang
- Droogte is steeds 'n werklikheid in groot dele van die Karoo. Bid vir reën waar dit nog baie droog is
- Die verkiesing van Meimaand begin nou vinnig naderkom. Bid vir die Here se leiding en dat dit 'n vreedsame en regverdige verkiesing sal wees

BursecSolutions PSIRA 2614372. www.bursec.co.za

Free ADT rented alarm system. **Protect your family with one of the following systems:**

Kit 1 (8 zone)
1 x panel; 1 x LED keypad;
1 x battery; 1 x transformer;
1 x siren; 1 x fixed panic button
2 x door contacts; 3 x passives

Kit 2 (16 zone)
1 x panel; 1 x LED keypad;
1 x battery; 1 transformer;
1 x siren; 2 x fixed panic button;
3 x door contacts; 4 x passives; 1 x expander

(Terms and conditions apply)

We specialize in the installation & maintenance of:

Alarm systems; Access control; Gate motors; CCTV; Garage door motors; Intercom systems; Electric fencing; Pre paid electricity (revert to back of pamphlet)

Call now for a free security consultation: **012 803 2446 / 084 619 2950 / info@bursec.co.za**

Lydenstyd... en vas

Aswoensdag was vanjaar op 6 Maart. Dit is die begin van Lydenstyd, en vir baie Christene ook die begin van ’n vastyd wat normaalweg vir die duur van die Lydenstyd volgehou word. Dit is ’n tydperk van ses en veertig dae. Vir veertig dae vas ons (soos Jesus in die woestyn), maar op die ses Sondae in Lydenstyd nie, want Sondae vier ons dit dat Jesus die dood oorwin het, en vas ons nie.

Die profeet Joël (Joël 2:12-13) skryf die volgende oor vas:

Maar nou sê die Here:
Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur!
Skeur julle harte, nie julle klere nie.
Kom terug na die Here julle God toe:
Hy is genadig en barmhartig;
Hy is lankmoedig en vol liefde.

As ek Joël reg verstaan, gaan dit in vas nie bloot oor uiterlike simboliese handelinge nie. Om te vas beteken baie meer as om maar net vir ’n tyd lank iets te los, soos kos, sjokolade, alkohol, TV, rekenaarspeletjies, of wat ook al. As jou vas nét daaruit bestaan, mors jy jou tyd. Om jou te onthou van iets in die vastyd is net ’n middel tot ’n doel. Die doelbewuste ontbering van iets wat vir jou lekker is, soos kos, moet jou voortdurend herinner aan wat Jesus ter wille van jou verlossing ontbeer het: Hy het sy lewe afgelê, sodat jy kan lewe.

Vas gaan oor iets wat in jou moet gebeur. Dit behels ’n hertoewyding aan die Here. “Skeur julle harte,” sê Joël. Dit gaan daaroor dat jy jou fokus weer fyn op die Here instel, jou ore moet skoon kry van die geraas en die geharwar van die daaglikse lewe, sodat jy meer ontvanklik raak vir God en sy Woord en die influistering van die Gees. Dit gaan oor ’n doelbewuste toegespitsheid van God, op sy teenwoordigheid in jou lewe en wêreld. Dit gaan oor ’n nuwe vasberadenheid om agter Jesus aan te loop en vir Hom te leef en ’n verskil te maak in die wêreld.

Dit is hiermee wat vas ons help: om beter en bewustelik op God gerig te lewe. Dit sal gebeur as jy byvoorbeeld die tyd wat jy sou gebruik het om kos te maak en te eet, gebruik om stil te word voor die Here en sy wil vir jou lewe te soek. Of as jy elke keer wat jy nié ’n sjokolade eet nie, ’n paar oomblikke stil word en die Here dank vir sy genade. Dit sal gebeur as jy in die vastyd ophou dink aan jouself en jou eie vermaak en plesier, en doelbewus dink aan die Here Jesus, en aan ander.

Vas is dus ’n stroping van jouself. Dit beteken jy is minder op jouself ingestel, sodat God meer kan wees (Johannes 3:30). Stroping én groei. Hoe meer Hy in jou lewe word, hoe meer vreugde groei daar in jou hart, en entoesiasme vir God en sy koninkryk.

Via Dolorosa - ’n reis na vrede

Gemeentelede kan vanjaar van **8 tot 21 April** weer 'n meditatiewe reis in die kerksaal meemaak. Hierdie reis wat uit agt momente (stasies) bestaan beeld Jesus se Lydensweg uit – van Getsemane tot by die Leë Graf. Almal is welkom om die reis mee te maak! Nooi gerus ook jou gesin, familie, vriende en werknemers uit om die reis te beleef en in 'n moeilike tyd in ons land, iets van Jesus se vrede te ervaar.

Vanjaar kry elke "reisiger" op die reis 'n klein houtkruis wat hy of sy simbolies saamdra. Die reis is soos die vorige kere ook interaktief, en elkeen word genooi om deur nadenke en gebed, en sekere ander aksies, die reis "aktief" te voltooi. By die oop graf, wat die opstanding en oorwinning uitbeeld, sluit die reis weer op 'n hoogtepunt af.

Soos die vorige kere sal elke reisiger 'n boekie in Engels of Afrikaans ontvang wat iets oor elke stasie vertel en die reisiger in gebed begelei. Vanjaar ontvang die kinders ook elkeen 'n inkleurboek wat hulle meer oor elke stasie op die Lydensweg vertel.

Ons wil die Via Dolorosa-reis vanjaar ook as 'n evangelisasiegeleentheid benut, en soveel moontlik mense nooi om die reis mee te maak. Bring gerus op **Donderdag 11 April en Dinsdag 16 April** spesiaal ook jou huishulp of tuinier om die reis mee te maak, aangesien daar op daardie twee dae tolke sal wees wat mense in die Afrikatale sal bedien.

Gemeentelede wat kan help om "reisigers" te ontvang, word vriendelik versoek om hulle name en die tye wat hulle kan help vir die kerkkantoor (012 803 1531) te gee. Die Via Dolorosa is van **8 tot 21 April** elke dag van **10:00 tot 19:00** oop en **naweke** van **10:00 tot 16:00**. Daar sal te alle tye toesig wees en veilige parkering is beskikbaar.

Verlede jaar het meer as 500 mense die Via Dolorosa meegemaak. Die gemeente word versoek om voorbidding te doen vir hierdie aksie, en vir elkeen wat hierdie reis sal meemaak. Dit is ons gebed dat ons Hemelse Vader hierdie reis ryklik sal seën.

Deel van God se plan

Wanneer ek aan kleuterskool dink, dink ek aan besige lyfies, 'n gezoem van stemme, lekker lag en lekker speel. Nie almal het egter hierdie voorreg nie. Baie ouers in die Pretoria middestad kan nie bekostig om kinders na 'n veilige dagsorg of kleuterskool te neem nie. Daar was al gevalle waar 4-jariges daagliks alleen en sonder toesig in woonstelle aangetref is.

Wie is Pennies? Pennies Kleuterskool vorm deel van **PEN (Pretoria Evangelisering en Nasorg)**, 'n organisasie wat in 1991/1992, onder die NG Kerk van Pretoria gestig is. PEN se droom is om verandering, koestering en genesing van gemeenskappe in die Pretoria Middestad te bring.

Ons kan allerlei mooi dinge doen, soos medisyne uitdeel, mense van klere voorsien, preek, onderrig, en help. Maar indien ons nie mense kan nader trek in die liefdevolle arms van God, en hulle help om self liefdevolle mense te word nie, het ons misluk. - Francois Smit – Senior Leraar PEN

Pennies Kleuterskool val onder een van ons gemeente se bereik projekte. Die Bereikbediening het verantwoordelikheid om kontak te hou, terugvoer te gee en uit te vind hoe ons ons geloofsvriende kan ondersteun.

Wat gebeur tans by Pennies? Die skool is besig met 'n Ouerbewuswordingsveldtog oor vroeë kinderontwikkeling. Ouers ontvang opleiding oor kinder veiligheid en hoe om hulle kinders by die huis te help leer en stimuleer. Hierdie sessies word by oueraande aangebied. Bid dat personeel inligting duidelik kan kommunikeer, dat die Here die personeel sal toerus om verhoudings te bou en sy liefde sigbaar te maak.

Hierdie jaar is daar 'n maatskaplike werker wat weekliks met die onderwysers by Pennies skakel. Die idee is dat 'n gesonde verhouding met jou eie gesin en familie, meer gesonde, stabiele en liefdevolle verhoudings met kinders by die skool tot gevolg sal hê. Bid vir God se hoop, genesing en vreugde in hierdie projek.

Besoek gerus die PEN webtuiste **www.pen.org.za** vir meer inligting oor hulle verskillende projekte.

Hoe kan ek help?

Jer 29:11 "Ek weet wat ek vir julle beplan, sê die Here… Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"

- Pennies benodig dringend skoonmaakmiddels, bv "Handy Andy", "Sunlight" en "Jik".
- Nuwe A4 drukkerpapier (druk van lesplanne, ouerbriewe...)

Kontak **Sunet van den Berg (083 462 1799)**

MEYERSPARK
EIENDOMSDESKUNDIGE
18 JAAR ONDERVINDING VAN
EIENDOMS VERKOPE IN AREA
KOOP/VERKOOP OF MARKWAARDASIE
SKAKEL MY GERUS.
STIENIE NAUDE
FAR EIENDOMME

082 335 0720

Dimpels en Duimpies
216 Carinusstr, Meyerspark
Dagsorg en Naskool vir kinders
3 maande tot Gr 7 : 06:30 tot 18:00
Kontakbesonderhede:
Anne Burnett (082 571 9574)
anne@dimpelsenduimpies.co.za
Chevonne Burnett
(084 619 2950)
chevonne@dimpelsenduimpies.co.za
www.dimpelsenduimpies.co.za

Boodskap op ’n bankie - Anonieme gemeentelid

Een oggend tydens ‘n wandeling langs die see, sien ek ‘n plastieksakkie onder ‘n klip op ‘n wit betonbankie. Toe ek die klip optel kry ek ‘n plastieksakkie met ‘n plakker met die woord GOD in grootletters daarop geskryf. Binne -in die sakkie kry ek die briefie aan God gerig

Nodeloos om te sê het hierdie geroep om hulp my aangegryp. Hier is iemand wat groot spanning, onsekerheid en in wanhoop roep om hulp. ‘n Mens dink toe onwillekeurig aan Dawid wat in so baie van sy Psalms sulke soeke na antwoorde aan God gerig het.

Wat staan ek te doen? Ek ken nie die skrywer nie. Ek weet nie die omstandighede waaronder die uitroep gemaak word nie – is dit finansieel, is dit algemene gesondheid of is dit bloot vrees vir die operasie? Wat ookal die omstandighede, my pligsbesef as gelowige sê vir my dat ek die persoon moet antwoord. Nie sê wat hy of sy te doen staan nie, maar bemoedig en verseker van my gebedsondersteuning.

Ek skryf terug: ”Vriend, ek kan nie vir jou sê wat jy moet doen nie, maar jy en ek weet - Immanuel, God met ons – ALTYD!

Jy en ek weet ook dat God getrou is en Sy beloftes hou – ALTYD!

Die tekste wat ek gee, gee nie die antwoord op jou vraag nie, maar dit help dalk dat jy berusting kry en in vrede en geloof ‘n besluit neem.

God sê vir ons in die bekende Jes 41:10 : *Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou. Ek help jou, Ek hou jou vas, met My eie hand red Ek jou.*

Dan verder in Maleagi 4:2 lees ons: *Maar vir julle wat eerbied het vir my Naam, sal die son van redding skyn met genesing in sy strale.*

`God gee ook vir ons die versekering in Jer 29:11 dat Hy wil hê dat dit met ons goed sal gaan:

Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie, Ek wil vir julle ‘n toekoms gee, ‘n verwagting!

Vriend, Sterkte! Vertrou op God. Ek dra jou ook op aan ons Almagtige Vader in die dae wat kom dat jy duidelikheid sal kry oor die operasie.”

Na die heerlike sielsverrykende ervaring kan ek net God dank vir die voorreg om Hom ook met hierdie eienaardige ontmoeting te kon dien. Aan die einde van die boodskap aan die persoon het ek my selfoonnommer gegee. Ek het ‘n dankie-sê boodskap gekry en danksy WhatsApp kon ons nou as medegelowiges mekaar bemoedig en ondersteun soos ons Verlosser opdrag gegee het.

Sedertdien het ek die goeie nuus gekry dat die persoon wel die operasie ondergaan het en goed op pad na herstel was.

Lief en Leed

Ronell Brand, Gert Theron, en Koos Gericke is die afgelope tyd oorlede asook Natie en Alta Ackermann se dogter, Ronel. Ons gebede en meegevoel gaan uit na hulle naasbestaandes.

Boomslopings en snoei. Gratis kwotasies / versekering.
Kontak Ernst
083 656 4992
www.treecarepta.co.za

Bou– en restourasiewerk
Vir alle bouwerk, verwerk, teel-werk en veranderings aan huise.
Skakel **Nico 079 510 8151**
NHBRC geregistreerd

Gebed vir Verkiesing

Dat ons land op 8 Mei gaan stem vir ons verteenwoordigers in die volgende parlement, is ou nuus. Veral die afgelope jaar het ons telkens onder die indruk gekom dat sake in ons land 'n verkeerde koers inslaan. Die Here vra dat ons as volk in berou hierdie verkeerde koers sal bely, dit sal laat staan en na Hom terugkeer. Dan sal Hy ons land genees (2 Kron 7:14). Die Here roep ons ook op om te bid vir ons regering. 'n Goeie regering is tot voordeel van God se Koninkryk (1 Tim 2:1-4). Spr 25:5 gee vir ons 'n duidelike aanduiding dat ons kan bid vir 'n skoon regering. "As jy die goddeloses by die koning wegvat, kan hy regverdig bly regeer." Daarom wil ons ons gemeentelede aanmoedig om tot die dag van die verkiesing deel te neem aan gebedsgeleenthede en om te bid in u stiltetyd. Wanneer u bid, hou altyd die drie tekse wat hierbo aangehaal is, in gedagte.

Die volgende gebedsaksies word beplan:

- Daar word elke Sondag in die Basuin gebedsriglyne vir die komende week geplaas.
- Gebedsriglyne sal ook per SMS aan gemeentelede versprei word.
- Omgeegroepe word versoek om by hulle byeenkomste te bid vir die komende verkiesing.
- Die seniors se Woensdag Bybelstudie en/of hulle byeenkoms daarna kan by geleentheid ingerig word as 'n biduur vir die verkiesing.
- Van die byeenkomste by aftreeoorde kan ook aan gebed vir die verkiesing gewy word.
- Op Dinsdag 16 April is daar in ons kerk 'n gebedsbyeenkoms van kerke in ons omgewing waar die fokus spesifiek op gebed vir die verkiesing gaan wees. 'n Spesiale poging word beoog om soveel as moontlik kerke van ons omgewing te betrek om van die geleentheid 'n gebedsaamtrek van die groter liggaam van Christus te maak. Van 18:30 tot 19:00 word aan sang gewy, terwyl ons daarna van 19:00 tot 20:00 in groepies van 2 of 3 saambid. Enigeen is welkom om enige tyd van 18:30 tot 19:00 aan te sluit by die byeenkoms. Dit word beplan om die gebedsriglyne vir die byeenkoms op Sondag 14 April by die kerk beskikbaar te stel.

Jesus het ons verseker: *"As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry."* En dan is Jesus ook self in hulle midde. (Mat 18:19, 20). Kom laat ons *"eendragtig volhard in gebed en smeking"* (Hand 1:14).

Bybelleesprogram - April 2019 Jesus se † ...vir jou

Ons nooi alle lidmate om deel te neem aan ons Bybelleesprogram om elke dag die teks te lees vir die spesifieke dag.

Son	Maan	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
	1	2	3	4	5	6
	Joh 6:51	Joh 3:16	1 Pet 2:24	Joh 6:51-58	Kol 2:14	Kol 3:4
7	8	9	10	11	12	13
Joh 15:5	Gal 2:20	Ef 2:13-16	Hand 3:15	Rom 6:8	Gal 5:24	Gal 6:14
14	15	16	17	18	19	20
Gal 1:4(a)	Rom 6:6	1 Kor 15:3 (b)	Ef 1:7	Heb 9:12 (b)	Heb 9:26 (b)	Fil 2:8-11
21	22	23	24	25	26	27
Ef 5:2	Joh 10:10	1 Kor 1:18	2 Kor 4:10 tot 11	Mark 10:21 (b)	1 Kor 1:18	Kol 1:20(b)
28	29	30				
2 Kor 5:15	Ef 2:16	Heb 12:1 tot 3				